Tweede lydensweek	4 Maart	Drie-eenheidsondag	10 Junie
Derde lydensweek	11 Maart	Bartolomeusnag	26 Augustus
Vierde lydensweek	18 Maart	Biddag vir die Gesaaides	21 Oktober
Vyfde lydensweek	25 Maart	Hervormingsondag	28 Oktober
Sesde lydensweek	1 April	Eerste adventsweek	2 Desember
Sewende lydensweek	8 April	Tweede adventsweek	9 Desember
Goeie Vrydag	13 April	Geloftedag	16 Desember
Paassondag	15 April	Derde adventsweek	16 Desember
Dankdag vir die oes	29 April	Vierde adventsweek	23 Desember
Hemelvaartdag	24 Mei	Kersdag	25 Desember

SKOOLTERMYNE - 2001

OOS-KAAP, NOORD-KAAP, KWAZULU-NATAL EN WES-KAAP

	Eerste	Tweede	Derde	Vierde
Open	23.01.2001	18.04.2001	23.07.2001	08.10.2001
Sluit	06.04.2001	29.06.2001	28.09.2001	07.12.2001

GAUTENG, VRYSTAAT, NOORDWES, NOORDELIKE PROVINSIE EN MPUMALANGA

	Eerste	Tweede	Derde	Vierde
Open	16.01.2001	18.04.2001	16.07.2001	08.10.2001
Sluit	30.03.2001	22.06.2001	28.09.2001	07.12.2001

NAMIBIë

	Eerste	Tweede	Derde
Open	16.01.2001	08.05.2001	04.09.2001
Sluit	12.04.2001	09.08.2001	07.12.2001

ONDERWYSKOLLEGE-KALENDERS - 2001

PRETORIA
16 Januarie tot 30 Maart
18 April tot 25 Junie
16 Julie tot 28 September
8 Oktober tot 7 Desember

POTCHEFSTROOM
31 Januarie tot 2 April
18 April tot 6 Julie
17 Julie tot 28 September
8 Oktober tot 6 Desember

BLOEMFONTEIN
29 Januarie tot 30 Maart
18 April tot 22 Junie
16 Julie tot 28 September
8 Oktober tot 23 November

UNIVERSITEITSKALENDERS - 2001

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
30 Januarie tot 30 Maart
18 April tot 2 Julie
17 Julie tot 28 September
8 Oktober tot 10 Desember

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT
5 Februarie tot 30 Maart
17 April tot 22 Junie
16 Julie tot 31 Augustus
10 September tot 23 November

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
12 Februarie tot 6 April
17 April tot 22 Junie
23 Julie tot 7 September
17 September tot 13 Desember

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO
31 Januarie tot 2 April
18 April tot 6 Julie
17 Julie tot 22 September
2 Oktober tot 6 Desember

UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH
8 Februarie tot 6 April
17 April tot 31 Mei
17 Julie tot 28 September
8 Oktober tot 31 Oktober

UNIVERSITEIT VAN NATAL
12 Februarie tot 6 April
17 April tot 23 Junie
6 Augustus tot 21 September
1 Oktober tot 1 Desember

UNIVERSITEIT VAN RHODES
19 Februarie tot 6 April
17 April tot 23 Junie
23 Julie tot 7 September
17 September tot 14 Desember

BLOEMFONTEIN
5 Februarie tot 30 Maart
18 April tot 22 Junie
16 Julie tot 28 September
8 Oktober tot 7 Desember

EMERITUS PREDIKANTE SOOS OP 1 OKTOBER 2000

Alberts ANJD, Posbus 1124, Naboomspruit 0560, tel 014-7430085.

Bloem GN, Posbus 11370, Queenswood 0121, tel 0824213943.
Botha CG, Posbus 827, Parys 9585, tel 056-8112185.
Botha CJ, Posbus 4006, Springs 1560, tel 011-7331601/0833845324.
Botha RP, Posbus 6413, Homestead 1412, tel 011-8282549/0823951440.
Buitendag FJH, Posbus 15796, Lynn East 0039, tel 012-3321774.
Buitenweg NH, Posbus 1392, Kokanje Aftree-oord, Kokanje 0515, tel 014-7152312.

De Beer WCM, Posbus 11084, Queenswood 0121, tel 012-3336630.
De Lange JC, Posbus 59942, Karenpark 0118, tel 012-5491848.
Dreyer AJG, Hellasingel nr 8, Uitzicht, Durbanville 7570, tel 021-963638/0827405486.
Dreyer HME, Posbus 1052, Ventersdorp 2710, tel 018-2643776.
Dreyer TF, Charlesstraat 488, Menlo Park, Pretoria 0081, tel 012-4603310/0825715107.
Dreyer TFJ, Posbus 19, Magaliesburg 1791, tel 014-5774589/0824137842.
Du Toit DJAG, Posbus 11617, Randhart 1457, tel 011-8647435.
Du Toit JJ, Posbus 5599, Boksburg-Noord 1461, tel 011-8922745.

Engelbrecht FJ, Heidelaan 18, Flora Gardens, Vanderbijlpark 1911; Posbus 6849, Vanderbijlpark 1900, tel 016-9818139.
Erasmus DF, Posbus 808, Heilbron 9650, tel 058-8530699.

Grobler MS, Posbus 25, Clocolan 9735, tel 051-9430291.

Jacobs JA, Posbus 522, Allensnek 1737, tel 011-6795597.
Jacobs PT, Posbus 15016, Lynn East 0039, tel 012-8081103.

Kotze ECB, Buffelsweg 38, Rietondale 0084, tel 012-3293098.
Kramer HMJ, Posbus 9024, Elsburg 1407, tel 011-8272366.
Kruger JC, Posbus 101129, Moreletapark 0044, tel 012-9970425/0833007063.
Kruger PJ, Uitsig Woonstelnr 46, Flemmingstraat, Posbus 1744, Sasolburg 9578, tel 016-9733635.

Labuschagne F du C, Roodelaan 166, Queenswood 0186, tel 012-3333518.
Labuschagne JM, Posbus 778, Ladanna 0704.

Mc Donald AT, Posbus 438, Koster 2825, tel 014-5439286.

Naudé JH, Posbus 6502, Baillie Park 2526, tel 018-2909460/0826809048.
Naudé MJ, Privaatsak X20002, Garsfontein 0042, tel 012-9912935.
Nel LA, Posbus 878, Potgietersrus 0600, tel 015-4915046/0833359414.

Papp K, Emdonstraat 25, Kenmare, Krugersdorp 1739, tel 011-6647595/0825625755.

Redelinghuys MJJ, Silverpine Singel 4, Zwartkop X4, Centurion 0157, tel 012-6637768.
Roos GJJ, Posbus 22065, Middelburg 1050, tel 013-2433589.
Roos WJ, Berglaan 737, Posbus 17364, Pretoria-Noord 0116, tel 012-5465798.

Schroeder JAAA, Posbus 1799, Heidelberg 2400, tel 016-3420221.
Smit CJ, The Meadows Woonstel 1, Singerstraat, Potchefstroom 2531, tel 018-2973679.
Smit PD, Posbus 18, Goede Hoop 8621, tel 0020-1212 Piet Plessis.
Smith PM, Seniordal 207, Kieserstraat 126, Deerness, Pretoria 0084, tel 012-3294331.
Snyman JP, Posbus 54, Vaalwater 0530, tel 0147552-2504.
Stoop JAAA, Posbus 31035, Totiusdal 0134, tel 012-3322380.
Stutterheim JF, EA Borgerkade 2273, R M Voorbrug, Nederland, tel 070-3868308.
Swanepoel AM, Morganlaan 779, Parktown, Pretoria 0084, tel 012-3353209.
Swanepoel SJ, Posbus 16937, Pretoria-Noord 0116, tel 012-5656411.
Swart AAJ, Posbus 5705, Doringkruin 2576, tel 018-4681528.

Van den Berg CL, Berglaan 405, Pretoria-Noord 0182, tel 012-5655346.
Van der Merwe FH, Posbus 14575, Farrarmere 1518, tel 011-8493266/0832669435

Van der Merwe WP, Posbus 1208, Hartbeespoort 0216, tel 012-2502697.
Van Jaarsveld GJ, Posbus 6112, Middelburg 1050, tel 013-2825854.
Van Niekerk CJS, Posbus 323, Hartbeesfontein 2600, tel 018-4511141/0823687398.
Van Oosten F, Posbus 915-760, Faerie Glen 0043, tel 012-3611253.
Van Rensburg NJJ, Robinsstraat 55, Waterkloofrif Uit 2 0181, tel 012-3472729.
Van Staden AJ, Afonso Woonstel 203, H/v Hertzogstraat en 30ste Laan, tel 012-3311424.
Van Staden BJ, Vogelstraat 3, Selcourt, Springs 1559, tel 011-3632210.
Van Staden GC, Posbus 25375, Monumentpark 0105, tel 0827809490.
Van Staden GJ, Posbus 41, Swartwater 0622, tel 014-7671502/5924785.
Van Staden PS, Posbus 84, Witrivier 1240, 013-7513184/0834178376.
Van Wyk PARC, Huis Annie Schilz, Woonstel 8, Zoutpansbergweg 180, Riviera 0084, Posbus 11065, Queenswood 0121, tel 012-3292595.
Venter PW, Kronendal 3A, Pretoriusstraat 650, Arcadia 0083, tel 012-3430390 x153.
Viljoen CJ, Posbus 679, Bronkhorstspruit 1020, tel 013-9320508.
Viljoen JA, Posbus 1974, Florida Hills 1716, tel 011-6742965.
Viljoen JH, Posbus 6134, Onverwacht 0557.
Vosloo EP, Posbus 2410, Nylstroom 0510, tel 014-7174601.

Wallis GJ, Posbus 322, Rayton 1001, tel 012-7344187.

Zwarts AJ, Posbus 2127, Margate 4275, tel 039-3174612/0836274766.

PREDIKANTE MET SIEKTE-EMERITAAT

De Beer JMC, Posbus 4661, Middelburg 1050, tel 013-2454341/chriscas@sabex.com(e-pos).

Erasmus BJ, Suiderstraat 429, Posbus 16528, Pretoria-Noord 0116, tel 012-5462389.

Herbst WJ, Jack Hindonstraat 407, Pretoria-Noord 0182, tel 012-5469035.

Steyn DGS, Bettiestraat 43, Riviera 0084, tel 012-3294159.
Stoltz DJP, Posbus 717, Tzaneen 0850, tel 015-3053336.

Van der Merwe GJW, Posbus 13745, Norkempark 1631, Fred Petersstraat 3, Norkempark 1619, tel 011-3918473/0827894709
Van Rensburg HJJ, Posbus 19797, Pretoria-Wes 0117, tel 012-3770325.
Van Wyk RDJ, Posbus 53, Koster 2825, tel 014-5432758.
Van Wyk WPF, Joubertstraat 44, Meyerton 1960, tel 016-624139/0832888797.

VROEëRE EN EMERITUS PROFESSORE EN DOSENTE

JH Greyvenstein, BA, D Theol (Utrecht), (Sutherland 1911), Pretoria 1914, hoogleraar 1917, Dekaan Teologiese Fakulteit 1924-1926, emeritaat 1945, oorlede 15 November 1967.

SP Engelbrecht, D Theol (Utrecht), georden 29 Mei 1921, hoogleraar 1921, Dekaan Teologiese Fakulteit en Teologiese Fakulteit Afd A 1927-1928, 1930-1956, emeritaat 1956, Argivaris 1957, afgetree 1957, oorlede 20 Augustus 1977.

B Gemser, D Litt (Groningen), (Lutjegast 1917), hoogleraar 1926, Dekaan Teologiese Fakulteit 1929-1930, emeritaat 1955, oorlede 15 November 1962.

HP Wolmarans, MA, DD (Groningen), georden 8 Julie 1922, Zeerust 1922, Pietersburg 1927, lektor 1935, Boksburg 1937, hoogleraar 1938, Dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1957-1959, emeritaat 1958, Johannesburg-Suid 1960, dosent Stoffberg Teologiese Skool 1961, uitgetree 1966, Van Warmelo/Dendron/Vivo 1968, uitgetree 1970, oorlede 1981.

A van Selms, D Theol (Utrecht), (Hansweert 1930, Culemborg 1935), lektor 1938, verlaat Ned Hervormde Kerk 1964, oorlede 1985.

CH Rautenbach, BD, PhD, 1923, georden 22 Januarie 1927, Erasmia 1927, Pretoria 1930, Noordelike Pretoria 1934, dosent 1939, eervol ontslaan 1946 (rektor UP 1948-1970), oorlede 1988.

AS Geyser, MA, DD, georden 16 Augustus 1941, Heilbron en Parys 1941, Noordwestelike Pretoria 1944, hoogleraar 1946, uitgetree 1962, verlaat Ned Hervormde Kerk 1968, oorlede 1985.

BJ Engelbrecht, BA, D Theol (Groningen), georden 18 Februarie 1950, Florida 1950, hoogleraar 1952, Dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1970-1987, emeritaat 1988. Alcockstraat 150, Colbyn, Pretoria 0083, tel (012) 4305510.

ES Mulder, BA, D Theol (Utrecht), georden 30 Mei 1930, Zwartruggens 1930, Bronkhorstspruit 1931, Springs 1944, Pretoria 1949, Pretoria-Oos 1952, hoogleraar 1956, Dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1960-1969, emeritaat 1970, oorlede 1974.

AD Pont, MA, D Theol (Utrecht), georden 15 Oktober 1955, Elsburg 1955, hoogleraar 1957, emeritaat 1992. Wishbone-Suid 461, Lynnwood 0081, tel (012) 3612608.

FJ van Zyl, BA, DD, georden 28 Mei 1939, Johannesburg 1939, Standerton 1941, Lydenburg 1948, Springs 1949, Wonderboompoort 1957, hoogleraar 1960, emeritaat 1978, Potchefstroom-Noord 1978, pastorale hulp Weltevreden 1983. Bergseringlaan 437, Magalieskruin 0150, tel (012) 575570.

SPJJ van Rensburg, BA, DD, georden 5 Augustus 1932, Eendracht 1933, Randpoort 1942, Potchefstroom 1947, Potchefstroom-Noord 1948, Pretoria 1950, hoogleraar 1963, emeritaat 1972, oorlede 1974.

JG du Plessis, BA, BD, georden 24 Januarie 1960, Trichardtsfontein 1960, dosent Stoffberg Teologiese Skool 1967, oorlede 1968.

JI de Wet, BA, DD, georden 14 Februarie 1951, Melville 1951, Johannesburg-Noord 1951, Krugersdorp-Oos 1958, Pretoria (studenteleraar) 1961, Philadelphia 1964, hoogleraar 1968, oorlede 1983.

JP Oberholzer, MA, DD, georden 11 Februarie 1951, Salisbury cs 1951, Boksburg 1954, Middelburg 1956, Rustenburg 1959, Pretoria 1963, Verwoerdburg 1965, hoogleraar 1971, Dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1988-1992, emeritaat 1992. 31ste Laan 282, Villieria, Pretoria 0186, Posbus 11414, Queenswood 0121, tel (012) 3335114/jpo@mweb.co.za(e-pos).

PJT Koekemoer, BA, DD, georden 5 Augustus 1950, Pietersburg 1950, Turffontein 1953, Primrose 1955, Pietersburg 1958, Bloemfontein 1960, Rustenburg 1964,

Magaliesburg 1967, Potchefstroom-Noord 1968, Potchefstroom-Suid 1977, hoogleraar 1979, emeritaat 1990, pastorale hulp Kampersrus 1990-1992. Villa Deoné nr 3, Meyerstraat 1152, Waverley, Pretoria 0186, tel (012) 3323191.

GC Velthuysen, BA (Hons), DD, georden 28 Januarie 1967, Witbank-Suid 1967, Potchefstroom-Studente 1968, Wonderboompoort 1970, Duncanville 1972, Swartkop 1981, hoogleraar 1987, bedank 1988.

E Engelbrecht, BA, DD, georden 12 Januarie 1962, Elsburg cs 1962, Elsburg 1963, Waterval Boven cs 1964, Volksrust 1965, Outjo cs 1967, Witbank-Suid 1969, Magaliesburg 1978, Krugersdorp-Noord 1981, lektor 1984, hoogleraar 1986, emeritaat 1997. 7 Eleven Rietvlei, Milpark Sentrum, Ixjastraat, Milnerton 7441, tel 021-5511711.

JJ Engelbrecht, BA, DD, georden 22 Februarie 1958, Primrose-Oos 1958, Bloemfontein1964, studeer verder 1968, Zuurfontein 1970, lektor Bybelkunde 1976, hoogleraar 1983, emeritaat 1997. Rietfonteinweg 64, Glen Marais, Kempton Park 1619, tel (011) 9723600/083230091 4.

JH Koekemoer, BA, DD, georden 23 Januarie 1960, Turffontein 1960, Bethal 1963, Zuurfontein 1965, Pretoria-Suid 1972, Direkteur KITAL 1978, hoogleraar 1987, dekaan Teologiese Fakulteit Afd A 1992, Posbus 4764, Marikana 0284, tel 0834509248.

GMM Pelser, BA, DD, georden 23 April 1960, Randfontein 1960, Pretoria-Wes 1962, Voortrekkerhoogte 1966, Philadelphia 1968, hoogleraar 1972, bedank 1989, hertoegelaat 1990, georden 3 Maart 1991, Direkteur Sentrum vir Teologie en Diens 1991, Delmas (deelsorg) 1991, hoogleraar 1993, Vista-rylaan 374, Faerie Glen; Posbus 915-711, Faerie Glen 0043, tel 012-3614698.

SJ Botha, BA, DD, georden 29 Julie 1961, Primrose 1961, Randpoort 1966, Koedoesrand 1968, Boksburg 1970, Philadelphia 1972, Weermagkapelaan Voortrekkerhoogte 1975, hoogleraar 1980, Hoof HTO 1985-1992, hoogleraar UP 1993, Posbus 910-953, Pyramid 0120, tel 012-5459275.

HG van der Westhuizen, BA, DD, georden 6 Januarie 1962, Christiana cs 1962, Vliegepoort 1964, Vryburg 1966, Sannieshof 1970, Rustenburg 1977, hoogleraar 1979, Rektor HTO 1992, emeritaat 1997, tel (012) 3322742; Goede Hoop, Posbus 4, Pk Piet Plessis 8621, tel (0020) vra Piet Plessis 31/0823400720.

MJ du P Beukes, BA, DD, georden 8 Januarie 1966, Vanderbijlpark 1966, Sanniesshof cs 1968, Newlands 1969, Zuurfontein 1976, Direkteur KITAL 1982, hoogleraar 1989, Villieria (deelsorg) 1999, Brits 1999. Johanstraat 7, Brits 0250, tel 012-2520158.

AA da Silva, BA, DD, georden 28 Januarie 1967, Johannesburg 1967, Pretoria-Wes 1970, SA Polisiekollege 1977, Wonderboom 1980, bedank 1985, hertoegelaat 1988, Hartebeeshoek (deelsrog) 1988, Witfontein (deelsorg) 1993, Pretoria-Wes (deelsorg) 1996, oorlede 2000.

WC van Wyk, MA, DD, georden 28 Junie 1970, Pretoria-Oos (deelsorg), hoogleraar Semitiese Tale 1 Julie 1971, Dekaan Lettere en Wysbegeerte 1 Julie 1983, emeritaat 7 Mei 2000. Woodlandsrylaan 1282, Queenswood 0186, tel 012-3333873.

LJS Steenkamp, D Phil, BD, georden 27 Januarie 1973, Ogies 1973, Villieria 1977, Direkteur KITAL 1989, hoogleraar 1990, Direkteur SVTT 1994, Dickensonlaan 1366, Waverley, Pretoria 0186, tel 012-3321443(h), Kempton Park-Noord 2000.

LC Bezuidenhout, BA (Hons), DD, georden 26 November 1978, Voortrekkerhoogte 1978, Suidoos-Witbank 1980, Kensington (deelsorg) 1982, Stellenbosch 1990, lektor Bybelkunde 1993, Buiteland 1999.

JH Barkhuizen, D Litt, BD, georden 22 Februarie 1981, Wesmoot (deelsorg) 1981, Hartebeeshoek (deelsorg) 1987, emeritaat 2000.

Die kerk se hoop

deur dr JH Breytenbach

'n Mens leef altyd na die toekoms toe. Dit kan ook nie anders nie, want wat agter ons lê in die verlede, kan niemand weer gaan leef nie. Dit is verby. By gister kom ons nooit weer uit nie, maar môre trek ons met die onweerstaanbare magneetkrag van die tyd na hom toe.

Natuurlik het gister 'n groot invloed op ons lewe en help elke keuse en optrede wat ons nou, in die hede, doen om vorm te gee aan hoe môre vir ons gaan wees. Maar selfs van groter belang en invloed is wat ons van môre verwag. Ons doelwitte en mikpunte rig en stuur ons optrede en keuses. Dit is eintlik die bepalende faktor in die lewe wat ons skep, want dit bepaal ons keuses en optredes van gister en van nou.

In dié sin leef ons uit hoop. Die hoop wat dit moontlik maak om dit na môre toe te waag, is gewoonlik positief en optimisties. Selfs in die treurigste omstandighede verwag 'n mens dat môre daar beter sal uitsien as vandag. In siekte verwag 'n mens beterskap en genesing - en as dit op die uiterste is, word die uitsig op die dood 'n verwagting van verlossing uit die ellende van siekte. In armoede hoop 'n mens dat dit môre beter sal gaan; dat daar brood op die tafel sal kom.

Dit lyk dus of mense se hoop gerig is op die dinge wat die toekoms ten goede sal verander; gesondheid, voorspoed, sukses, rykdom, ensovoorts. Daar is niemand wat beplan en hoop dat môre slegter en ellendiger sal wees as vandag of gister nie; niemand wat so optree dat hy dit willens en wetens treuriger as vandag wil maak nie. Selfs al is die hoop dikwels niks anders as wensdenkery nie, het ons dit nodig om môre aan te durf.

Wanneer mense hoop verloor, verloor hulle lewe ook meteens sin en betekenis. Dit word 'n blote bestaan, gerig op die oomblik. Dit word 'n leë, koerslose, uitsiglose en dikwels wanhopige saamgesleep word na nêrens. Dit word 'n drenkelingslewe: 'n onmagtige gespartel tot die dood.

Die omstandighede waarin ons kerk hom bevind, is alles behalwe rooskleurig. As gevolg van die neerdrukkende omstandighede is daar by lidmate en ampsdraers moedeloosheid te bespeur; 'n gebrek aan toekomsverwagting; 'n verduistering van toekomsuitsig. Dit is te verstane, want onder die omstandighede is dit baie moeilik om te verwag dat dit môre beter gaan word.

Die Bybel ken natuurlik ook dié hoop wat mense koester: waar daar lewe is, is daar hoop (Job 14: 7); hy wat ploeg, ploeg in hoop (1 Kor 9: 10). Net so ken die Bybel die verskynsel dat omstandighede mense se hoop uitblus en hulle tot gesiglose wanhoop dryf. Want die Bybel weet dat hoop wat gerig is op omstandighede, ydel is. Dit is die hoop van die ryk dwaas (Luk 12: 16-21); van hoogmoedige selfversekerdheid (Jak 4: 13-16).

Dit is ydel, want dit is hoop sonder 'n vaste fondament. En die Bybel leer ons dat die hoop wat sonder 'n vaste fondament is, altyd weer beskaam. Omstandighede: mag, rykdom, besittings, afgode, waarsêery, menslike planne, ensovoorts bied nie 'n fondament vir hoop nie. *Moet op prinse nie vertrou nie, op die mens jou hoop nie bou nie* (beryming van Ps 146: 2).

Die dinge is nie 'n fondament vir hoop nie, omdat dit nie rekening hou met die werklikheid van die wêreld waarin ons leef nie. Die werklikheid van die wêreld is immers juis dat dit aan die hopeloosheid uitgelewer is! Die wêreld is onder die oordeel van God; is aan die verganklikheid onderworpe. Watter hoop sal 'n mens realisties kan bou op die omstandighede waarin die wêreld hom bevind van sonde, gebrokendheid, verganklikheid, oordeel en dood? Al wat 'n mens onder sulke omstandighede van die wêreld kan verwag, is immers haat, misdaad, geweld, ellende en uiteindelik die dood. Die omstandighede van die wêreld onder God se oordeel bied nie hoop nie, maar wanhoop.

Die gedagte dat ons onder mekaar 'n beter wêreld kan skep; die verwagting dat ons as mense met 'n nuwe orde in die staatkunde, godsdiens, ekonomie en maatskappy 'n liefdevolle en verdraagsame globale samelewing kan vorm; die hoop dat ons met meer kundigheid en tegnologie uiteindelik 'n aarde sal hê wat vry is van armoede, siekte en nood, rus op geen fondament nie. Dit is 'n ydel hoop wat sal beskaam.

Daarom moet ons kerk ook nie verwagtinge koester of hoop vestig op beter omstandighede in die toekoms nie. Dit is 'n hoop wat maklik kan beskaam as ons meen om die gety van kwynende lidmaatgetalle; dalende inkomste; 'n gebrek aan relevansie na die maatstaf van die wêreld of wat ook al, te besweer met ons eie pogings. Dalk moet ons as kerk erns maak met die uitsprake van die Skrif wat leer

dat daar aan die einde van die tye swaar dae vir die kerk wag - ook vir ons kerk. In 'n wêreld waar die sonde heers, moet ons realisties die vrugte van die sonde verwag; al meer skyngodsdiens, al meer afvalligheid, al meer haat tenoor die kerk, ensovoorts.

Tog mag dit ons nooit tot wanhoop dryf nie, want die kerk, ook ons kerk, en as kerk ook elke gelowige, leef uit 'n ander hoop. Dit is 'n hoop wat nie beskaam nie, want dit is hoop met 'n vaste fondament. Dit is hoop wat nie bepaal word deur die omstandighede van die wêreld nie en ook nie gerig is op 'n beter maak van dié wêreld nie. Dit is hoop wat vir die ongelowige vreemd is en dikwels onrealisties lyk.

Dit is die hoop van Abraham: die *hoop teen hoop*. Abraham hoop op 'n kind, nadat Sara al ver oor die jare vir kindergeboorte was. Die omstandighede dikteer dat sy hoop op 'n kind nie meer kan realiseer nie, en tog hou hy aan die hoop vas. Maar dit is nie die hoop van wensdenkery nie. Dit is nie 'n ongegronde verwagting dat daar tog een of ander wonderwerk sal gebeur sodat daar 'n seun sal wees nie! Sy hoop is gegrond op God en sy belofte. As Abraham se kleingeloof hom verlei om die omstandighede te probeer omseil en by Hagar 'n seun te verwek, verydel God self sy verwagting dat dit die seun van die belofte is. Sy hoop op 'n kind ná Ismael rus op niks anders nie as op God se woord. Maar dit is hoop wat rus op 'n vaste fondament. Dit is die hoop wat niks anders is nie as die vaste sekerheid dat God nie sy woord verbreek nie en dat Hy nie aan Homself ontrou word nie.

Die hoop van die gelowiges word in Hebreërs 11 onder woorde gebring. Mens sien as 't ware vir Abraham op sy donkie sit - hande voor die oë tuur hy in die verte. Maar hy sien méér as die beloofde land - hy sien by die grense daarvan verby die ewige land van belofte. Mens sien die martelaars - bespot, verneder, verniel, vermoor. Maar in hulle oë brand die helder lig van die verwagting op die opstanding tot 'n beter lewe. Dit is lewende hoop - hoop wat die toekoms sien by die omstandighede van die wêreld verby; hoop wat die belofte van God vashou, ten spyte van die twyfelstemme van die wêreld.

Tereg verbind Hebreërs 11: 1 geloof en hoop aan mekaar. Trouens, die hoop wat ons koester, word feitlik die inhoud gemaak van dit wat ons glo. Geloof is hoopsekerheid! Geloof is 'n vasstaande kennis van die dinge wat God beloof het, 'n ewe vaste vertroue dat God sy beloftes waar sal maak. Die hoop van die kerk is nie 'n ydel verwagting nie: dit is 'n vaste sekerheid!

Die vaste sekerheid rus volkome op die groot ontferming van God oor sondaars. In Jesus Christus het al die heilsbeloftes van God waar geword. Deur Jesus Christus word sondaars met God versoen; deur sy bloed word die slawe van die sonde losgekoop en betaal as

God se bevryde eiendom; in die dood en opstanding van die Here Jesus ontvang mense wat aan die verganklikheid prysgegee is vanweë die sonde, die lewe. In Hom word die ewige toekoms vir mense oopgebreek wat in die doodsbestaan van die sonde gevange is. In Hom word al die sondevlekke en -rimpels van die kerk weggeneem, om die allermooiste bruid van Christus te wees.

Op talle ander maniere word die inhoud van die hoop van die geloof in die Bybel uitgedruk. Dit kan alles saamgevat word in één naam: Jesus Christus. Hy is ons hoop! Maar méér het die gelowiges ook nie nodig nie: *Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie* (Rom 8: 32)?

Só besien, is dit duidelik dat die kerk net één hoop het: Jesus Christus. In Hom het God die toekoms vir sy eiendom oopgebreek. Oor die lewe van God se kinders het die dood nie die laaste woord nie, omdat die Woord wat lewe gee, oor ons uitgeroep is. Bevry van die sonde is ons ook vrygespreek van die oordeel van God. Daarom het ons die hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat vir ons in die hemel in bewaring gehou word.

Ons hoop strek dus uit oor die hier en die nou van hierdie wêreld. Dit is die hoop op die volkome en volmaakte lewe wat saam met Christus verborge is in God. Dit is die hoop wat Paulus onder woorde bring as hy, in onsekerheid of hy die doodstraf opgelê sal word, aan die Filippense skryf: *...ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste* (1: 23). Dit is die hoop waarmee hy die gemeente van Rome bemoedig: *Ek is oortuig daarvan die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie* (8: 18).

Die hoop van die kerk is onlosmaaklik verbonde aan die geloof in Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer. Wie die geloof in die gekruisigde Jesus se sterwe as soenoffer vir ons of die geloof in die opgestane Christus as oorwinnaar oor die dood en waarborg van ons eie opstanding verloor, verloor daarmee saam die hoop op die lewe. In lyn met die geloof in Jesus Christus se opstanding sê Paulus immers: *As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense* (1 Kor 15: 19).

Want die geloof en die hoop op die lewe wat wag om aan te breek, bied vir die dinge waarop die wêreldhoop gerig is, eintlik niks nie. Dit bied nie 'n resep om te ontsnap aan die ellende en moeite; die geweld en siekte; die armoede en liefdeloosheid wat die wêreld kenmerk nie. Vir die hoop op sukses, rykdom, voorspoed, roem, mag en dergelike dinge meer het die geloof geen waarde nie. Gelowiges is nie vanweë hulle geloof méér gesond, suksesvol, ryk, beroemd of geliefd as onge-

lowiges nie. Trouens, die Here Jesus sny elke hoop dat geloof in Hom dié dinge sal bring, by die wortel af: *As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry* (Matt 16: 24-25).

In dié tyd waarin ons kerk worstel met omstandighede wat die toekoms donker maak, is dit nodig om weer te begryp: ons hoop gryp oor die omstandighede; oor die tyd; oor die wêreld heen. Dit gryp na die beloftes van God; na die ewigheid; na die hemel waar ons ewig by God sal wees. Na die ewigheid wat God ons beloof, moet ons ons uitstrek; daarvoor moet ons ons beywer; daarop moet ons ons toelê.

Die sondige wêreld het nie vir die ewigheidshoop van die kerk begrip nie. Spottenderwys word daarna verwys as *a pie in the sky when you die.* Die kerk het hierdie spot ter harte geneem. In 'n poging om aan die verwyt te ontsnap dat die kerk nie relevant sou wees in die wêreld nie; nie voldoende oog het vir die nood in die wêreld nie; nie genoeg doen om hoop te bring in die hopelose omstandighede waaronder mense in die wêreld ly nie, het die kerk oor die afgelope eeu of wat al meer sy aandag op die vraagstukke van die wêreld gaan toespits. Vir die kerk het die vraag al belangriker geword: Watter waarde het die geloof vir ons lewe hier en nou?

Die klemverskuiwing het gestalte gekry in onder andere die sogenaamde teologieë van die genetief: van revolusie of bevryding of feminisme of gesprek, ensovoorts. Dit het uitgemond in die teologiese programme wat beoog om die kerk bytyds, relevant en waardevol vir ons bestaan in die wêreld te maak: teen apartheid; teen besoedeling; teen diskriminasie; teen kernwapens, ensovoorts. In praktiese terme is mense geleer hoe waardevol die geloof dan sou wees in die alledaagse lewe: wees 'n wenner, word 'n vredemaker, verstaan jou man/vrou/kind, ensovoorts.

Die kerk het hierdie klemverskuiwing nie vrygespring nie. In die beoefening van die teologie as wetenskap; in die prediking; in die kategese; in die toerustingsprogramme ensovoorts kan gemerk word hoe die klem lê op die geloof as iets funksioneel en bruikbaar. Die klem lê dáár dat gelowiges 'n verskil maak en moet maak - want so sou die kerk daartoe bydra dat die wêreld 'n beter plek word en so sou die kerk belangriker bly in die wêreld.

Dit is tot groot skade vir die kerk en die geloof dat die hoop op die hiernamaals verdring word deur die ydel hoop op die hiernoumaals. Natuurlik maak die kerk 'n verskil in die wêreld - maar dit is nie die verskil waarop die wêreld sy hoop vestig nie. Die verskil wat die kerk maak, is dat hy in die wêreld die enigste ware Hoop verkondig. Waar Jesus Christus geglo word, word anders geleef - anders daarin dat

die lewe op Hom gerig word, nie op die wêreld nie. *Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie...* (Kol 3: 2).

Waar die lewe in geloof op Jesus gerig word, word daar in hoop gewaag om uit liefde te leef. Dit maak die verskil. Die liefde waarvan hier sprake is, is die liefde waarvan Johannes sê: *Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam* (1 Joh 5: 2-3). Hier is nie sprake van die soort liefde wat alles vergoeilik en alles toelaat nie; die soort liefde wat 'n dekmantel is vir ons selfsug en bose begeertes nie. Nee: hier is sprake van die liefde wat in gehoorsaamheid aan Christus bereid is tot selfverloëning; tot kruisdra; tot prysgee van die lewe self ter wille van Christus.

Die kerk voldoen dalk nie in die verkondiging van Jesus Christus aan die wêreld se verwagtinge van wat die kerk moet doen nie. Die lewe in gehoorsaamheid aan God se gebooie bring sekerlik nie vir mense groter rykdom; beter gesondheid; meer voorspoed of dergelike dinge nie. Daardeur word 'n mens nie noodwendig 'n wenner nie; kom die vrede nie meteens nie; word verhoudinge nie sommer eensklaps wonderlik nie.

Maar dié dinge is nie die hoop wat die kerk het om aan die wêreld te bring nie! Die hoop wat die kerk bring, is Jesus Christus. Wie in Hom glo, ontvang die lewe! Die ewige toekoms is syne. Die geloof in Christus bring die regte perspektief op hierdie wêreld en op ons lewe hier en nou. Dit leer ons om die gewig op die regte plek te plaas: op die toekoms met Christus. Want hierdie wêreld is nog aan die verganklikheid onderworpe; is nog gebroke vanweë die sonde. Deur hierdie wêreld heen is ons in verwagting op pad - na ons ewige bestemming toe. Hier en nou reik ons uit na die oomblik wanneer die skepping self van die verganklikheid bevry sal word en dit bekend sal word dat ons God se kinders is.

Die toekomshoop bepaal dan ook ons lewe hier en nou as 'n lewe in liefde! Ten spyte van omstandighede van die wêreld: sondige begeertes, selfsug, genotsug, haat, en noem maar op - waag gelowiges dit om God te gehoorsaam. Want dit is nie wat ons hier en nou verkry en beleef en geniet of wat ons hier moet prysgee of vermy of opoffer wat saak maak nie. Wat saak maak, is dat ons lewe Christus is; en dat ons in Christus sal lewe! Sy belofte van die Vaderland, van die ewige stad, van die heerlikheid wat op ons wag, gryp ons hier en nou al só aan dat dit ons lewe bepaal en ons gehoorsaam op God laat vertrou.

Geloof, hoop en liefde - hierdie drie skep die toonaard van die kerk se lewe. Waar Jesus só vir ons die lewe is dat die sterwe vir ons wins

word, is geen ruimte meer vir vrees, moedeloosheid of uitsigloosheid nie. Inteendeel: daar word die lewe gevul met die vrede van Christus; die vreugde wat alle verstand te bowe gaan; die hoop wat nooit beskaam nie. Daar leef die hoop wat die kerk oor die eeue met brandende verlange laat sing en bid: Kom, Here Jesus, ja kom gou!

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings... (1 Pet 1: 3-6).

Knelpunte in gemeentes van die kerk

deur JF Viljoen

Inleidende agtergrond

Die afgelope aantal jare ervaar gemeentes al hoe meer druk vanuit die omgewing waarin daar gewerk word. Verder moet daar rekening gehou word met die proses van verandering wat deel van ons lewe geword het en intensiewe druk op gemeentes plaas. Voeg 'n mens hierby die huidige tydsgewrig van 'n charismatiese gemeenskap, 'n mate van verset teen (kerklike) strukture en gesag, verflouing in meelewing, 'n apatiese houding teenoor die medemens, ekonomiese druk, en nog baie meer, is dit duidelik dat die kerk in den brede 'n tydvak beleef wat uiterste beplanning en kreatiewe denke vra. Daar sou selfs sprake van 'n krisis kon wees.

Klaarblyklik slaag 'n groot aantal gemeentes nie meer daarin om die eksterne en interne faktore wat op die gerigtheid van gemeentes inwerk, positief en tot eie voordeel aan te wend nie. Hierdie afleiding

word gemaak teen die agtergrond van uitsprake wat min of meer daarop neerkom dat gemeentes moedeloos voorkom en hulleself in 'n doodloopstraat bevind. Moedeloosheid sit soms oor in pessimisme en het die potensiaal om gemeentes te verlam.

Daar word tans deur talle gemeentes na strooihalms gesoek om uit die sogenaamde finansiële verknorsing bevry te word of ten beste tydelik daarvan gevrywaar te word. Dit is ironies dat hierdie negatiewe ervaring deel van die kerk geword het, terwyl die kerk (met ander woorde ons as lidmate) onder die genade en mildelike voorsiening van die Heer van die kerk waarskynlik meer geleenthede as ooit in die verlede tot ons beskikking het.

Iets oor die geskiedenis

Die Hervormde Kerk se ryke geskiedenis is vol staaltjies wat tiperend is van die betrokke tyd en omstandighede. Sommige staaltjies getuig baie duidelik van swaarkry, maar gelukkig ook van genade waarsonder die kerk en sy lidmate nie sou kon oorleef het nie. Ons lees byvoorbeeld van 'n predikant wat per fiets bykans die hele Noord-Transvaal moes bearbei het. Later is gemeentes oor groot afstande per trein bedien. Die predikant moes dikwels by die stasiemeester verneem na lidmate of potensiële lidmate. Nà sy besoek het hy maar weer verder na 'n volgende stasie gery. Motors vir predikante was in die vroeëre tye net 'n droom en predikante is so *aangepos* van dorp tot dorp. Die mense was arm en daarom het die kerk ook nie oor die materiële middele beskik nie. Die swaarkry het egter 'n bindende faktor geword.

Die lang opdraende pad vanaf die vroeë jare 1900 is onder moeilike omstandighede en met vele hindernisse gestap, maar die kerk het deur die genade van ons Heer oorleef. Voorbeelde van die hindernisse was die rebellie van 1914-1915, die depressie van 1933 en so meer. Die aantal lidmate het van ongeveer 11 823 lidmate tot ongeveer 122 000 in die jaar 2000 gestyg. Gedurende die afgelope aantal jare het die lidmaattal drasties gedaal, maar dit het vermoedelik meer te doen met die administratiewe proses as met 'n werklike uittog uit die kerk. Daarby het 'n aantal lidmate na die buiteland geëmigreer, terwyl baie van ons jongmense hulle heil elders begin soek. Dit sou insiggewend gewees het om te kon weet waarheen ons jongmense *wegraak*. Die kerk het nietemin deurgaans, met hierdie gegewenhede as agtergrond, aangepas om by omstandighede in te pas.

Prof TFJ Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het onlangs enkele standpunte met betrekking tot die nuwe millennium gestel. Die gevolgtrekking waartoe hy kom, is

dat die positiewe, optimistiese geskiedbeskouing plek gemaak het vir pessimisme en dat ons tyd swanger is van verlange na 'n nuwe, beter era. Die moderne mens is deur sy rasionele denke grotendeels gestroop van die verwagting van 'n ander werklikheid waarin God alles nuut sal maak.

Knelpunte

Ons lewe in die wêreld, maar is nie vàn die wêreld nie. Hierdie spreekwoord word dikwels in die kerk gehoor en tog word dit nie altyd deel van ons beplanning, ook op gemeentelike vlak, gemaak nie. Die inkomstebasis van die gemeentes is blootgestel aan onder andere die ekonomiese en maatskaplike faktore wat in die samelewing geld. Gemeentes moet dus deurentyd rekening hou met die realiteite dat die inkomstebasis blootgestel is aan onder andere die ekonomiese en maatskaplike faktore wat in die samelewing geld, en in die lig dáárvan moet beplan word. Dit is daarom vanselfsprekend dat dag tot dag sake soos die inflasiekoers, rentekoerse, wisselkoerse, belastingkoerse en werkloosheid, deurentyd inwerk op die besluitnemingsproses. Indien gemeentes dus daarna streef om finansieel suksesvol te wees, sal ons moet kennis neem van vele faktore waardeur dit beïnvloed word.

In plaas daarvan is ons klaarblyklik blind en doof vir realiteite. Hoekom is een uur op 'n Sondag lank, terwyl etlike ure op die sportveld binne perke en as realisties ervaar word? Hoekom ry ons daagliks baie kilometers werk toe en terug, neem ons ons kinders daagliks met moeite skool toe en terug, maar op 'n Sondag is die kerk skielik so ver? Hoekom is minder as 32c per dag (ongeveer R10,00 per maand) vir ons baie geld as dit sinodale heffings raak, maar andersins is dit 'n onbenullige bedrag? Dit terwyl lidmaatskap van 'n sportklub of professionele vereniging tot R3 000 per jaar (R250 per maand) uit ons sakke jaag. Sou ons die afleiding kon maak dat die pendulum tans aan die wegswaai is, met ander woorde weg van die kerk en weg van dit wat altyd saak gemaak het?

Ondersteuningsmodel

Gedurende 1999 het die Raad van Finansies al hoe meer onder die indruk gekom van die knelpunte waaronder gemeentes gebuk gaan. Die Raad het besef dat die saak met die nodige vernuf bestuur moet word ten einde 'n krisis te voorkom. Hierin het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, saam met die Raad van Finansies, 'n leidende rol gespeel.

'n Projekspan is saamgestel met die opdrag om die knelpunte te identifiseer en te verwoord sodat die nodige ondersteuningmeganismes aan gemeentes gebied kan word. In terme van 'n bepaalde model is 'n aantal werkwinkels met gemeentes gehou met die oog op identifisering van knelpunte en om oplossings te vind. Die volgende is 'n samevatting van die knelpunte of probleemareas wat geïdentifiseer is na aanleiding van 'n reeks gesprekke met bepaalde gemeentes. Uiteraard is dit nie altyd op al die gemeentes van toepassing nie, maar dit is tog van belang om in ieder geval kennis te neem van ondergenoemde tendense. Gemeentes wat wel die prosesse bestuur, sal hierdie kennis en vaardighede met buurgemeentes of ringe moet deel ten einde 'n proses van gesonde bestuur te bevorder. Hierdie kruisbestuiwing is nou dringend nodig in die kerk.

• Gebrekkige bestuursprosesse

Finansiële en ander gemeentelike sake word nie na behore beplan en bestuur nie. Gemeentes doen nie multi-jaarbeplanning nie en projekteer dus ook nie inkomste- en balansstate vir die toekoms nie. Dit is totaal onvergeeflik, veral met die gevorderde tegnologie tot ons beskikking. Die uiteinde is dat gemeentes deur realiteite ingehaal word en dan moet noodmaatreëls toegepas word.

• Kundigheid word nie benut nie

Dit is verstommend om te ervaar dat kundigheid van gemeentelede nie na behore benut word nie. In baie gevalle word die potensiaal van gemeentelede glad nie benut nie, terwyl die gemeente, wat onder baie druk moet probeer oorleef, met groot vrug daarvan gebruik kon gemaak het.

Funksionarisse in gemeentes is dikwels onkundig en word nie toegerus vir hulle taak nie. Alhoewel moontlikhede bestaan en geleenthede vir toerusting feitlik onbeperk is, word dit nie benut nie.

• Onbenutte hulpbronne

Hulpbronne word glad nie na behore benut nie. Dié veld lê braak en daarom sal gemeentes die taak moet begin opneem om eksterne bronne te eksploiteer en te benut. In die benutting van hulpbronne moet buurgemeentes en die gemeenskap nie geïgnoreer word nie.

• Gebrekkige kommunikasie

Waarskynlik is een van die grootste leemtes van ons tyd die gebrek aan oop, vriendelike en ondersteunende kommunikasie. Hierdie leemte moet besef en raakgesien word en daar sal met 'n proses begin moet word waar wedersydse, onderlinge kommunikasie gestimuleer word om kohesie en vertroue te vestig en te versterk.

Die knelpunte soos hierbo uiteengesit, word as die ratkas van 'n gemeente se werksaamhede beskou. Met ander woorde, dit wat in elke gemeente teenwoordig moet wees om die wiele aan die rol te hou. As dié elemente nie bestuur word en tot voordeel van die gemeente aangewend word nie, kan daar ernstige bestuursprobleme ontstaan.

As deel van die proses om gemeentes te ondersteun en om die leemtes en knelpunte by elke gemeente te identifiseer, word 'n bepaalde model (noem dit maar 'n driehoeksmodel) as basis gebruik. Dit is 'n toets wat min gemeentes waarskynlik met vlieënde vaandels sal slaag. Kommunikasie is sekerlik die mees oorheersende en kragtigste toerusting tot ons beskikking wat alles wil en moet toevou, omarm en harmonieer. Sonder suiwer en oop kommunikasie stuur ons op 'n Babelse verwarring af.

Die kern van die model is swaar op die volgende hoofmomente gefokus:

•• Rigtinggewend

Die kardinale vraag (boonste punt van die driehoek) is: Wat is die doel, visie en missie van die gemeente? Sou ons kan sê dat gemeentes so geposisioneer is dat veral met betrekking tot finansiële oorlewing, die doelwitte uitgespel en aan lidmate gekommunikeer is? Meer nog, in watter mate word gemeentelede enigsins by beplanning betrek?

•• Rolspel

As tweede vlak van die model moet die ontleding van rolle, die skeiding van pligte, en so meer onder oë geneem word. Weet elke funksionaris in die gemeente presies wat van hom of haar verwag word? Weet almal waar die grense van hulle verantwoordelikheid lê? Indien die antwoord negatief is, kan chaos verwag word.

•• Prosedure

Is die prosedurehandleidings vir byvoorbeeld funksionarisse volledig èn word risikos hierin erken en hanteer? Word die begroting nougeset bestuur? Weet almal dus wat om te doen en hoe om dit te doen?

•• Interpersoonlike verhoudinge

In die terme van die analoog is dit die basis waarop die driehoek staan. Dit is 'n baie belangrike faktor wat hoofsaaklik positiewe resultate, byvoorbeeld: kohesie, gesonde werkverhoudinge, lojaliteit en onvoorwaardelike vertroue in mekaar wil verseker.

Vir 'n gemeente om as eenheid te funksioneer en om finansiële voorspoed te beleef, sal dié sake voorkeuraandag moet geniet. Dit is tog jammer dat so min aandag, as 'n algemene reël, aan die bou van verhoudinge spandeer word.

Bestuur van verandering (finansiële perspektief)

Nadat die knelpunte so wyd aangesny is en moedeloosheid die oorhand wil kry, is dit dalk belangrik dat die volgende resep geneem en gebruik word, veral om die administrasie van gemeentes positief te draai:

- Hoe gaan dit met ons as gemeente? As ons dit nie weet nie, vind dan uit. Ons moet dus weet of dit goed of sleg gaan en as dit so gaan, wat is die rede daarvoor of oorsaak daarvan?
- Waarheen is ons op pad? Weet ons of ons byvoorbeeld finansieel gaan oorleef vir nog 'n aantal jare? Het ons dalk al ons geleenthede geïdentifiseer?
- Het ons die leiers in die gemeente geïdentifiseer en is hulle bemagtig om bepaalde take te bestuur?
- Is daar 'n entoesiasme en vreugde in die gemeente? Is ons bereid om met volle oorgawe en toewyding te werk in diens van die Heer van die kerk?
- Is ons gemeente se strukture funksioneel en dinamies? Strategiese beplanning en bestuur vra dat ons nuut sal dink.
- Laastens, liewe vriend, wil ek aan u persoonlik vra - nee mòèt ek u vra: Is die onderlinge liefde en meelewing wat die kern van 'n gemeente moet uitmaak, lewend in u hart?

Die Raad van Finansies en administrateur het 'n bepaalde rol te speel in die soeke na gesonde administrasie, effektiewe finansiële bestuur, kohesie en liefde in die kerk. Om hierdie rede is aandag aan bogenoemde sake gegee. Ons wil graag help. Die vraag is egter: Gemeente en liewe vriend - is u gereed om gehelp te word?

Leer ons nuwe

Mej MJ Beukes,
Beroepafwagtend



WA Botha,
Gemeente Heilbron

JS Dippenaar,
Gemeente Brits

Mej A Geyer,
Beroepafwagtend

predikante ken

CJ Swart,
Studeer verder

JA Swart,
Gemeente Ladysmith

JM van Staden,
Gemeente Primrose

Mej M van Staden,
Beroepafwagtend